## BYLAAG A: VRAAG 1: SA gasvryheidsondernemings moet weet wie die toeriste is

Durban – Hedendaagse reisigers laat toerisme groei en dit is belangrik vir Suid-Afrikaanse gasvryheidsondernemings om presies te besef wie die toeriste is en wat hulle wil hê. Toerisme verander die hele tyd. Tendense en verwagtings verander. Dit is belangrik om tred te hou met die tendense as ons meer internasionale besoekers wil lok.

Op die oomblik sal mense wat in 2000 gebore is, 'n invloed hê op hoe toerisme in die toekoms daar uitsien. Hierdie mark is die **nuwe goud** en spandeer volgens die tydskrif *Forbes* jaarliks ongeveer 200 miljard dollar aan reis. Dit sal na verwagting in die komende jare toeneem. Dit is die generasie aan wie die toerismebedryf oor die volgende paar jaar diens sal lewer, daarom moet ons beplan om in hul behoeftes te voorsien.

Sosiale media speel 'n belangrike rol in hul lewens. Jongmense gaan altyd aanlyn om resensies oor 'n bestemming te raadpleeg voordat hulle bespreek. Dis ook vir hulle belangriker wat hulle sal ervaar as waar hulle sal slaap. Reismaatskappye begin virtuele werklikheidstegnologie gebruik om hul bestemmings te bemark. Toerisme KZN het hierdie tegnologie gebruik en bied 'n virtuele werklikheidservaring aan besoekers by handelsuitstallings wat regoor die land aangebied word.

Sodra hierdie jong reisigers hul navorsing gedoen het en by hul gekose bestemmings aankom, sal hulle foto's, selfies en menings oor hul vakansie plaas – goed of sleg! Toerisme-ondernemings kan dus nie hul standaarde laat daal nie, anders sal die wêreld daarvan hoor.

'n Ander tendens kom ook in toerisme voor. Dit is die entrepreneurs en reisbloggers wat baie aanhangers op sosiale media het. As reisigers van jou ervaring hou, sal hulle ander waarskynlik daarvan vertel en die woord sal op Instagram en Facebook in hul gemeenskap versprei!


Ekotoerisme, wat volhoubaarheid bevorder, is steeds 'n uiters gewilde neiging. Party toeriste sal slegs in volhoubare akkommodasie bly. Dit is voordelig vir ondernemings wat hul plaaslike gemeenskappe bemagtig.

Welstandsreise het 'n groeiende tendens geword en toerisme-ondernemings kan dit benut. Dit hoef nie noodwendig 'n oord of 'n spa te wees nie. Ondernemings kan stap- en fietsroetes aanbied, selfs gesonde kookkursusse en vroegoggend jogasessies.

Dan is daar die internasionale Airbnb-ervaring. Dit stel reisigers in staat om in privaathuise te bly. Hulle kan dan soos plaaslike inwoners bly en 'n meer outentieke ervaring tussen plaaslike mense hê. Aangesien tendense deurentyd verander, moet ondernemings hul bemarkingsbenadering aanpas om meer toeriste te lok.

[Aangepas uit: *Economy*, 3 Februarie 2019, Phindile Makwakwa, die waarnemende hoof-uitvoerende beampte van Toerisme KwaZulu-Natal, <https;//www.iol.co.za/business-report/economy/opinion-sa-hospitality-businessess>]

## BYLAAG B: Wêreldtydsonekaart




IEB Copyright © 2021

## Bylaag C: Vraag 7: Bestemmings veg terug teen toerisme-oormaat

Voordat die wêreldwye pandemie ons getref het, het internasionale toerisme met 'n verbysterende sewe persent in een jaar gegroei. Vir baie bestemmings wat hul ekonomieë op toerisme baseer, was hierdie reisoplewing 'n seën.

Ander beroemde brandpunte is egter moeg vir die konstante stroom reisigers wat hul geliefde tuistes in opgehemelde temaparke verander. Hier is 'n paar bestemmings op die wenslys wat, as gevolg van toerisme-oormaat, die pandemie as 'n geleentheid sien om maatreëls te implementeer om besoekergetalle in te perk.

**AMSTERDAM, NEDERLAND**

Amsterdamse amptenare wil hê dat die wêreld moet weet dat die stad veel meer bied as net die berugte rooiligdistrik. Begrotingsreisigers het daagliks na Amsterdam gestroom om die nag- en partytjielewe te geniet, wat opeenhoping in die pragtige kanale veroorsaak en die plaaslike inwoners verdring. Inwoners het dit duidelik gemaak dat die rumoerige gaste onwelkom is.

**SANTORINI, GRIEKELAND**

Gemiddeld twee miljoen reisigers per jaar het Santorini besoek, hoofsaaklik per toerskepe. Die oppervlakte van die eiland is ongeveer 35 vierkante kilometer. Amptenare in Santorini is erg bekommerd oor die omgewingsimpak van hierdie reisigers wat daagliks afgelaai word, en wat gedurende die hoogseisoen verwoesting onder die klein eilandjie se hulpbronne saai. Santorini se amptenare het besluit om die aantal passasiers op die toerskepe tot slegs 8 000 per dag te beperk. Voorheen het die eiland meer as 12 000 ontvang.

**SKYE-EILAND, SKOTLAND**

Sprokieswembaddens, kuswatervalle, kastele ... Dit is maar enkele besienswaardighede wat op reisigers wag. En nou het die verskyning van die gewilde TV-program "Outlander" en Harry Styles se "Sign of the Times"-video hierdie skilderagtige Skotse paradys gewilder as ooit tevore gemaak. Daar is eenvoudig nie genoeg ondernemings om al die toeriste te huisves nie. Plaaslike inwoners vra besoekers om weg te bly as hulle nie vooraf akkommodasie bespreek het nie, anders sal hulle in hul motors moet oornag.

[Aangepas van: <https//www.farandwide.com/s/overtourism-destinations-ceee189cc0414a7b>]

IEB Copyright © 2021

## BYLAAG D: Vraag 7: Assesseringsrubriek vir nasien van die konsepkaart

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Verduideliking van die term *toerisme-oormaat*. | | | Kandidaat toon akkurate begrip van die term. | Kandidaat het nie die term verstaan nie, maar het die term probeer verduidelik. | Geen poging om term te verduidelik nie. | 2 |
| Identifikasie van die drie faktore wat volhoubare en verantwoordelike toerisme-ontwikkeling beïnvloed. | | All DRIE faktore genoem. | Slegs TWEE faktore genoem. | 'n Vae poging aangewend om dit te beantwoord met slegs EEN faktor genoem. | Geen poging om faktore te identifiseer nie. | 3 |
| Ontleding van die invloed van toerisme op die driedubbele verslagdoening van 'n gasheerland. | Uitstekende ontleding wat die kandidaat se algemene begrip van die invloed toon, 'n gedetailleerde uiteenset-ting word op die kaart getoon. Verskeie effekte vir al 3 pilare word bespreek en sowel positiewe as negatiewe effekte word hanteer. **× 2** | 'n Goeie respons met al DRIE genoemde pilare. Sowel positiewe as negatiewe effekte is ontleed, alhoewel sommige besonderhede in die gegewe punte ontbreek. **× 2** | 'n Redelike poging om hierdie aspek aan te spreek, maar het slegs na TWEE pilare verwys/of het slegs positiewe óf negatiewe gevolge aangespreek. **× 2** | 'n Vae poging om hierdie aspek aan te spreek, maar toon nie insig en begrip nie en/of slegs EEN pilaar genoem. **× 2** | Geen poging om hierdie vraag aan te spreek nie. | 8 |
| Voorbeelde in verband met hierdie artikel word verskaf. | | Alle moontlike voorbeelde uit gedeelte aangehaal. (al 6) | 3–4 voorbeelde uit die teks aangehaal. | 'n Vae poging aangewend met slegs EEN voorbeeld uit die teks aangehaal. | Geen voor-beelde uit teks aangehaal nie. | 3 |
| Identifikasie van watter optrede in werking gestel is om toerisme-oormaat by hierdie toeriste-aantreklikhede te beperk. | | Inligting uit die gedeelte toon 'n duidelike begrip van die optrede om die kwessie van toerisme-oormaat te beperk. | Sommige inligting is uit die artikel verkry, maar kandidaat het enkele voorbeelde weggelaat. | 'n Poging is aangewend om inligting uit die gedeelte te haal, maar uiters vaag. | Geen optrede geïdentifiseer nie. | 3 |
| Voorstelle aan toeriste oor hoe om verantwoordelik te reis. | 'n Uitstekende reaksie wat uitgebreide kennis toon van maniere waarop toeriste volhoubaar en verantwoor-delik kan reis. Meer as 6 idees word vir volhoubare reis gegee. | Kandidaat se antwoord dui op 'n gedetailleerde begrip van volhoubare reis en 5–6 goeie idees word voorgelê. | Voorstelle wat gemaak word, toon dat kandidaat die doel van volhoubare reis verstaan het, 3–4 voorstelle gemaak. | Kandidaat het 1–2 voorstelle aan toeriste gemaak oor hoe om verantwoordelik te reis. | Geen voldoende voorstelle aan toeriste gemaak nie. | 4 |
| Skakels wat interverhoudings aandui met verduidelikings. Uitleg van die konsepkaart. | | | Alle skakels is gemaak en uitleg is op gesofistikeerde manier aangebied. **× 2** | Enkele skakels is aange-dui, of geen verduideliking van skakels nie, enkele gapings kom in uitleg voor. **× 2** | Geen skakels nie en uitleg maak geen sin nie. | 4 |
| Gebruik sleutel en verskillende kleure. Kies geskikte titel. | | Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan en het geskikte titel. | Sleutel in verskillende kleure dui die verskillende konsepte aan, maar het geen titel nie. | Groot probleme in sleutel. | Geen sleutel en/of titel nie. | 3 |

**[30]**

IEB Copyright © 2021

## BYLAAG E: Vraag 8: Assesseringsrubriek vir die nasien van die opstel

| Kriteria | 4 | 3 | 2 | 1 | 0 | Moontlike punte |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Verduideliking van die belangrikheid van 'n professionele beeld van 'n toeriste-aantreklikheid/ onderneming in dienslewering. | | | Duidelike en bondige uiteensetting van die belangrikheid van 'n professionele beeld van 'n toeriste-aantreklikheid/ onderneming in dienslewering. **× 2** | 'n Verduideliking van die belangrikheid van 'n professionele beeld word voorsien, maar diepgaande begrip ontbreek. **× 2** | Geen poging om hierdie aspek te bespreek nie. | **4** |
| Evaluering van die belangrikheid van gemeenskapsbetrokkenheid /ontwikkeling. | 'n Uitstekende evaluering van sowel gemeenskapsontwikkeling as betrokkenheid met goeie ondersteunende bewyse. | 'n Goeie poging om die belangrikheid van gemeenskapsontwikkeling te evalueer met behulp van enkele ondersteunende bewyse. | 'n Redelike poging om hierdie aspek aan te spreek, maar toon nie diepgaande begrip nie, en min ondersteunende bewyse word gegee. | 'n Vae poging om hierdie kwessie aan te spreek en/ of geen voorbeelde word gegee nie. | Geen poging om hierdie aspek te bespreek nie. | **4** |
| Verduideliking van die waarde van billike handel-sertifisering en die doelstellings van sertifisering. | Kandidaat toon 'n uitstekende begrip van die waarde van billike handel-sertifisering en noem drie of meer doelstellings. | 'n Goeie uiteensetting van die waarde van billike handel-sertifisering en noem 1-2 doelstellings. | 'n Redelike poging, maar voldoende besonderhede ontbreek en/of noem nie die doelstellings van billike handel nie. | 'n Swak poging om hierdie punt te beantwoord en/of die student noem nie die doelstellings van billike handel nie. | Geen poging om hierdie punt te bespreek nie. | **4** |
| Ontleding van die effek van dienslewering op die vermenigvuldigereffek, ekonomiese groei en gemeenskapsontwikkeling. | Uitstekende analise met eie kennis en begrip wat gebruik word om analise te ondersteun. **4 × 2** | 'n Goeie analise wat dui op 'n diepgaande begrip van dienslewering wat die vermenigvuldigereffek, ekonomiese groei en gemeenskapsontwikkeling beïnvloed. **3 × 2** | 'n Billike ontleding wat 'n goeie begrip van diens-lewering toon wat ekonomiese groei en gemeenskapsontwikkeling beïnvloed. **2 × 2** | Swak analise wat dui op 'n swak begrip van ekonomiese groei en gemeenskapsontwikkeling, maar daar is gepoog om die kwessie aan te spreek. **1 × 2** | Geen poging om hierdie kwessie te bespreek nie. | **8** |
| Strategieë wat geïdentifiseer is om diensuitnemendheid te handhaaf, en aanbevelings om te verbeter. | | Uitstekende poging om hierdie kolpunt aan te spreek. 3 of meer strategieë genoem om uitstekende diens te handhaaf en 3 of meer aanbevelings vir verbeterings gemaak. **× 2** | 'n Redelike poging om hierdie kwessie aan te spreek. 1–2 aanbevelings word gemaak en 1–2 strategieë word genoem om uitstekende diens te handhaaf. **× 2** | 'n Swak poging om hierdie kwessie aan te spreek. Geen aanbevelings vir verbetering word gemaak nie en/of geen strategieë genoem om uitstekende diens te handhaaf nie. **× 2** | Geen poging om hierdie kwessie te bespreek nie. | **6** |
| Organisasie en meganika. | | Inligting is goed georganiseer met goed saamgestelde paragrawe en slegs geringe foute. | Georganiseerd met goed saamgestelde paragrawe. Enkele grammatikale, spel- en/of leestekenfoute. | Ongeorganiseerd en baie grammatikale, spel- en / of leestekenfoute. Swak saamgestel. | Antwoord is nie 'n opstelformaat nie. Swak organisasie en meganika. | **3** |
| Toepaslike titel. | | | | Toepaslike titel. | Geen titel nie. | **1** |

**[30]**

IEB Copyright © 2021